

19 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 58 en 59

Fokusgedeelte: Psalm 59

U is my veilige vesting

Dawid word in sy huis omring deur vyandige mense. Saul het opdrag gegee om hom dood te maak. Dawid word bedreig deur persoonlike vyande, maar hy praat ook van vyandige nasies wat sy volk wil vernietig. Hy roep tot die Here om redding teen die onregverdige en bloeddorstige vyande. Die Here is tog die Almagtige God, Hy is die Verbondsgod wat altyd trou is aan sy volk. Daarom vra Dawid die Here om teen die vyande en trouelose nasies in te gryp.

Daar word telkens in die Psalms van die “vyande” gepraat. Baie skerp taal word teen die vyande gebruik en die Here se hulp word teen hulle ingeroep. Ons moet die vyande steeds sien as die vyande van God en sy koninkryk; vyande van die Godsregering oor sy verbondsvolk, die kerk van die Ou Testament.

Die kerk het vandag nog ‘n stryd om te stry en het vandag nog vyande. Paulus sê ons stryd is nie teen “vlees en bloed” nie, maar “teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug” (Ef 6:2). Ons moet, om in hierdie stryd staande te bly, die volle wapenrusting van God aantrek.

Ten diepste beteken dit dat ons in die krag van die Here moet stry, want Hy is ons veilige vesting wat altyd getrou bly!

Sing: Psalm 18:1,15

Dr F van der Walt (Bellville-Oos)